HOËRSKOOL ELSPARK

WAAIBOOMSTRAAT, ELSPARK, 1428
POSBUS 12001, ELSPARK, 1418
kantoor@hselspark.co.za

☏ 011 893 2013/4
🖷 011 893 3879
www.hselspark.co.za

21 Januarie 2021

Geagte Gr.12 Ouer/Voog

Ek hoop dat u almal gesond is en dat u die feesseisoen geniet het. Ons wens u alle sterkte toe en die seën van die Here vir 2021 te midde van onseker tye.

Die vlak 3 inperking beteken dat alle atletiekbyeenkomste vir die eerste kwartaal gekanselleer is. Alle oueraande en die prestasieaand word ook uitgestel tot verdere kennisgewing.

Alhoewel die skool eers 15 Februarie vir leerders oopmaak, gaan ons reeds van volgende week af begin met die uitdeel van handboeke en notas. Maak asseblief seker dat u die vereiste bedrag betaal het aangesien die bewys van betaling saamgebring moet word wanneer die boeke afgehaal word. Sien die skryfbehoeftelyste op https://news.hselspark.co.za/wp/stationery-lists-for-2021/ Die vereiste bedrag word bereken na gelang van die vakke wat die leerder neem. Indien u nog nie die betaling gemaak het nie, moet u die **afskeurstrokie** hieronder invul, teken en saamstuur.

AFHAAL VAN BOEKE:
Graad 12 kom eerste aan die beurt en moet op 27 Januarie tussen 7:30 en 9:30 sy/haar handboeke/ werkboeke/notas in die skoolsaal kom afhaal. LET WEL: Geen graad 12 leerder sal Woensdag 27 Januarie verskoon word nie, behalwe in noodgevalle, dan moet u asb. vooraf met Mev Du Preez reël.

Graad 12 leerders sal dan dadelik in al hul vakke op WhatsApp groepe begin werk. Ouers word gevra om leerders aan te moedig. Indien hulle nie dadelik aan die werk spring nie, raak hulle gou agter en haal nooit weer in nie. Geen graad 12 leerder kan bekostig om agter te raak en so hul kanse op 'n goeie matrieksertifikaat weggooi nie. Ons wens al ons graad 12s alle sterkte toe vir 'n moeilike jaar wat voorlê.

Skakel ons gerus vir enige navrae.

Vriendelike groete.

J.H. van Niekerk
Hoof

Afskeurstrokie

Ek, _____ _____, ouer/voog van _____ _____ in Gr.12

onderneem om die uitstaande bedrag van R _____ soos volg te betaal:

R _____ teen 28 Februarie 2021

R _____ teen 31 Maart 2021

R _____ teen 30 April 2021 Handtekening van ouer/voog: _____